Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
elsgert@gmail.com
Jaargang 3 Uitgawe 79

Halloween - Hoe oordeel ek

Wat is die kerk se siening oor Hallowe-een? Kan ek my kinders toelaat om deel te neem aan die "trick or treat". As Suid-Afrikaners weet ons nie regtig waaroor dit gaan nie. Ek kry uiteenlopende sienings vanaf die internet. Volgens ons christelike norme en standaarde, wat is die siening en hoekom? So is die vrae van 'n bekommerde moeder in 'n epos aan my.

Halloween—Hoe oordeel ek?

Vandag 31 Oktober vier mense regoor die wêreld weer Halloween, onder meer met simbole van hekse, monsters, pampoenspoke, bose geeste, vampiere, spoke en die tokkelossie. Wat moet gelowiges hiervan dink?

Oorsprong en gebruike

Halloween se wortels lê in die antieke Keltiese godsdiens in Ierland. Die Kelte was baie bewus van die geesteswêreld en hoe om toegang daartoe te verkry.

Die vernaamse feeste was Beltane aan die begin van die somer (1 Mei) en Samhain aan die einde van die somer (1 November). Tydens Samhain was die skeiding tussen die fisiese en geesteswêreld baie dun, sodat vyandige bonatuurlike kragte baie aktief in die fisiese wêreld kon werk. Geeste en spoke was dan ook vry om te dwaal waar hulle wou.

Die Keltiese priesters, of Druïde, was lede van die paganistiese orde in Brittanje, Ierland en Frankryk. Hulle rituele het bestaan uit offers van oeste, diere en soms mense om die gode tevrede te stel om die son se terugkeer na die winter te verseker en bose geeste te verdryf. Vir die Kelte het die *bonfire* of vreugdevuur die son verteenwoordig en die Druïed gehelp in sy geveg teen die duister magte. Die term *bonfire* kom van *bone fire* wat letterlik dui op bene van diere of mense wat saam met hout verbrand is. Alle huishoudings moes hulle vure uitdoof en slegs die Samhain vure het bly brand dwarsdeur die winter. Op hierdie vure is dan offers aan hul gode gebring. Huishoudings moes betaal om weer die vure in hul huise, vanaf die vreugdevuur aan te steek. Die praktyk om mense te verbrand, is in 1600 verbied en poppe is soms in die plek van mense verbrand.

Vermenging van gebruike

Met die koms van die Christendom het 'n vermenging van heidense rituele en Christelike tradisies ontstaan. Twee Romeinse feeste is ná 43 nC in Samhain geïnkorporeer, naamlik Feralia wat die afgestorwenes herdenk en die fees vir Pomona, die godin van vrugte en bome. In die agste eeu het Pous Gregory III Samhain gekombineer met die Rooms Katolieke fees vir alle afgestorwe heiliges, *"hallow"*. Dit is *All Hallows' Eve* genoem wat in die volksmond vervorm het tot "Halloween".

Op 1 November 1517 (All Saints Day) het Martin Luther die Rooms Katolieke kerk uitgedaag oor hulle verwerping van die Bybelse geloofsbeginsels. Vandag staan dit bekend as Hervormingsdag - 'n paslike viering van die terugkeer na die Christelike geloof.

"Trick-or-treat?"

Die gebruik van die kinders om aan die deur te klop en te vra: "Trick-or-treat" het ontstaan uit die bygeloof dat geeste ronddwaal en na hulle huise wil terugkeer. Hulle is gelukkig gehou met neute en lekkernye wat by die voordeur vir hulle gelaat is. Mense het hulleself vermom as geeste uit vrees om uitgeken en moontlik gemartel te word.

Mense het in die koue nag die vreugdevuur huis toe geneem in 'n harde dop of saad. 'n Gesig is op die dop uitgesny en hulle het self snaaks aangetrek om moontlike spoke of bose geeste af te skrik. Vandaar die pampoenspook met 'n kers in.

Vlermuise, uile en ander nagdiere is ook populêre simbole van Halloween. Hulle is gevrees omdat mense geglo het dat hierdie diere kan kommunikeer met geeste van afgestorwenes. Mense het geglo dat hekse hulself in swart katte kan verander.

Vir hekse is Halloween 'n fees van die dooies en verteenwoordig die begin van die nuwe heksejaar wat ook direkte betrokkenheid by die okkulte aandui.

Tydens Samhain was toekomsvoorspellings en waarseêry algemeen.

Riglyne vir die Christen

As gelowiges word ons opgeroep: "Toets dit alles, behou wat goed is en bly weg van alles wat sleg is" (1 Tess 2:21,22). Die Halloween-simbole van hekse, monsters, bose geeste, vampiere, spoke en die tokkelossie verteenwoordig boosheid en pas nie by 'n Christen nie. "Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit aan die kaak" (Ef 5:11). Halloween is 'n skriknag vir baie kinders. Behoort die kerk, die kinders van God, mee te doen aan hierdie kultuur? "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe" (Rom 12:2). "Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar venootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis?" (2 Kor 6:14,15). In Deut 18:9 en Lev 18:24-30 waarsku die Here sy volk teen die gebruike van heidene. (Aangepas uit 'n artikel van Leah Grobler Act –Up)

Weereens net 'n woord van groot dank aan almal wat betrokke was by die Sluier is Gelig Familie-naweek. Wat 'n wonderlike naweek was dit nie. Een persoon het in haar epos aan my het dit so beskryf: ***Ons het dit verskriklik baie geniet, gegroei, nader aan mekaar gekom en belangrikste die Here beleef.*** Juis daarom wil ek weereens kom dankie sê**.** Dankie vir die persone betrokke om die Moreleta span te huisves, rond te ry en te versorg. Dankie aan elke dame betrokke by die reel, voorbereiding van die tee en verversings en etes. Dankie aan almal wat gehelp het met die opruim na die tyd. Dankie aan elkeen betrokke by die musiek en die voorbereiding daarmee saam. Dankie aan elkeen wat betrokke was by die intersessie vir die naweek. Dankie aan elkeen wat hulle tyd opgeoffer het om saam van die naweek 'n sukses te maak. Maar bo alles. Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons so kragtig in sy groot liefde en Gees geseën het.

Engelstalige Erediens by Sharjah begin op 14 November 2008 om 12:00 net na afloop van Afrikaanse erediens. Daar is 'n dringendheid om uit te reik na al die Suid Afrikaners in die UAE. Na baie gebed en gesprek met verskeie persone is daar besluit om ook 'n Engelstalige diens te begin. Ons weet van baie Engelssprekendes in Mirdif/Sharjah omgewing wat nie bereik of bedien word met die Evangelie nie. Om 'n erediens vir hulle te begin is 'n beskeie poging om ook vir die Engelssprekende met Jesus se liefde te bedien. Ons vra elke lidmaat om asseblief hierdie nuus met Engelstaliges te deel maar veral om voorbidding te begin doen vir die 14de November se erediens. Let wel die datum skuif met een week aan.

Volgende week vier ons weer Nagmaal

Dankoffer koevertjies is by die deur beskikbaar . Ons herinner almal aan ons gebruik om tydens ons nagmaalsgeleenthede ons maandelikse bydraes te bring.

Afrikaanse Gemeente UAE

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00.

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Leon 50-4568475 en Helmien 050-4568478. Tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196

Mirdif

- Aan huis van **Riaan en Petro**. Kontakbesonderhede, **Straat 83, Villa 5, Mirdif**. Riaan 050-6401082 en Petro 050-050-4359406

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Al Ain

- By Oasis op Dinsdae aande vanaf 18H30. Dit is 'n groep vir ouers met kinders. Kontak Danie Esterhuyse 050 6162240

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arabian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392